

POLICY 021/2016 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: SLEUTELBEHEER

REFERENCE/VERWYSING: 6.1.B

RESOLUTION NO/BESLUIT NR: 30.20/06/2016

DATE/DATUM: 7 June 2016

BELEIDSOOGMERK: Om beheer van sleutels van alle Raadseiendom uit te oefen.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die daarstelling van 'n riglyn vir amptenare met die hantering en uitreiking van sleutels.

RIGLYNE

1. Byhou van 'n sleutelregister.
2. Beheer oor die uitreiking van slotte en sleutels.
3. Hantering van verlore sleutels.

PROSEDURE

1. **BYHOU VAN 'N SLEUTELREGISTER**
Elke afdeling moet 'n sleutelregister byhou vir die aantekening van slotte en sleutels binne die afdeling.
2. **BEHEER OOR DIE UITREIKING VAN SLEUTELS**
 - 2.1 Die afdelingshoof is verantwoordelik om die afdeling se sleutelregister te hanteer en te monitor.
 - 2.2 Die Afdelingshoof kan sy funksie delegeer.
 - 2.3 Elke sleutel wat toegeken word moet per aantekeningregister van sleutels en slotte gehou word.
 - 2.4 Alle sleutels moet tydens bedankings, ontslagte of oorplasing na ander departemente, ingehandig word, en teruggeteken word.
3. **DIE HANTERING VAN VERLORE SLEUTELS**
 - 3.1 Verlore sleutels moet aan die afdelingshoof of sy/haar gedelegeerde rapporteer word.
 - 3.2 Indien die verlore sleutel toegang tot 'n hoë prioriteit gebou/perseel verleen, moet verskerpte maatreëls ingestel word.
 - 3.3 Afhangende van die hoë prioriteit en sekuriteitsrisiko daaraan verbonde, moet sodanige slotte vervang word.

4. SLEUTELS TEN OPSIGTE VAN NOODUITGANGE

- 4.1 1 x Stel sleutels van alle nooduitgangdeure moet ten alle tye veilig in die nodige rooiboks gehou word.
- 4.2 Geen persoon mag die sleutels vanuit die rooiboks verwyder nie.
- 4.3 Die sleutels mag alleenlik verwyder word in die geval van 'n noodsituasie, byvoorbeeld, brand, bomdreigement of gevalle waar die gebou vining ontruim moet word.
- 4.4 **Ekstra** sleutels van die nooduitgangdeure moet veilig bewaar word by die betrokke Direkteur verantwoordelik vir die bewaring van alle sleutels.

ROLLE

1. Direkteure.
2. Afdelingshoofde of hul gedelegerdes.
3. Toesighouers.
4. Werknemers.
5. Beroepsgesondheid en Veiligheid

VERWANTE BELEID

Lewering van 'n sekuriteitsfunksie vir die Raad.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.